## Waar is gemeentes van die Vrystaat orals betrokke?

Op elkeen van die bogenoemde plekke is daar gemeentes in die Vrystaat betrokke hetsy deur fisiese skakeling of deur finansiële ondersteuning. Elke genoemde werkterrein het 'n koördineerder wat geskakel kan word om meer inligting te bekom of as gemeentes wil deel word van daardie werkterrein.

## Waar is nuwe moontlikhede om betrokke te raak?

Daar baie moontlikhede en geleenthede vir gemeentes om by betrokke te raak in die bestaande werkterreine asook in nuwe terreine. In Lesotho bv. saam met LECSA is daar 'n verskeidenheid van uitreikaksies, kerk herstelwerk en nuwe areas van evangelisasie waar gemeentes daadwerklik 'n verskil kan maak. Die kerk in Angola het uitgereik en 'n versoek gerig tot die NG Kerk om nouer skakeling.

***Ons bedank gemeentes vir hulle bydraes hetsy via pro-rata's of spesiale kollektes en insamelings vir spesifieke projekte.***

## Kontak Ons

*Kontak gerus* die Kantoor of een van die taakspan sameroepers vir meer inligting.

Sanet Annandale
051 406 6729
sanet@ngkvs.co.za

Dr Nico Mostert
084 560 4671
missio@ngkvs.co.za



# Vennote in Getuienis

*Missionale kerkwees in die NG Kerk Vrystaat vind plaas binne die tradisionele Reformatoriese bedienings raamwerk van Kerugma, Diakonia, Kononia en Leitourgia. Hierdie raamwerk bepaal dan ook die prioriteite van gemeentelike en sinodale werksaamhede. Binne 'n missionale verstaan van kerkwees is die gerigtheid altyd 'n opbou na binne en uitreik na buite.*



# Vennote in Getuienis

NG Kerk
Vrystaat

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

www.ngkerkvrystaat.co.za

# Ons roeping

**Help die kerk om Missionale kerkwees uit te leef van binne na buite deur:**

Die vestiging, fasilitering en onderhouding van ekumeniese verhoudinge en vennootskappe van die kerk binne en buite die landsgrense met 'n fokus op teologiese opleiding en die bevordering van uitdrukkings van kerkeenheid om gestalte te gee aan Joh 17:21.

Die verkondiging (marturia), vanuit die Skrif, van die bevrydende geloof in Christus Jesus via publieke Getuienis, evangelisasie-aksies en Bybelvertaling. (Matt 28:19)

Die bevordering van en opleiding in sosiale innovasie en gemeenskapsontwikkeling binne gemeentes (eie sowel as vennote) om heling, versoening en sosiale innovasie te weeg te bring binne gemeenskappe sodat mense kan floreer in God se skepping.
(Ps 122:6-9)

# Ons teologiese vertrekpunte

**Vennote in Getuienis neem as vertrekpunt ons roeping tot deelname aan die Missio-Dei, God se sending na die wêreld.Ons vind solidariteit in die 2011 Lausanne-deklarasie wat verklaar dat:**

Mense is verlore.
Mense is verlore. Die onderliggende menslike probleem bly, soos die Bybel dit beskryf, ons sonde en rebellie teen God en daarom staan ons onder die regverdige oordeel van God met geen hoop sonder die reddende genade werk van Christus Jesus aan die kruis nie.

Die evangelie is goeie nuus.
Die evangelie is 'n storie wat vars vertel moet word aan die mense van die wêreld. Dit is die onveranderde verhaal van wat God gedoen het om die wêreld te red, in die historiese gebeure van die lewe, dood, opstanding en heerskappy van Jesus Christus. In Christus is daar hoop vir die wêreld.

Die Kerk se sending gaan voort.
Die sending van God duur voort tot aan die einde van die aarde en tot aan die einde van die wêreld. Die dag sal kom wanneer die koninkryke van die wêreld die koninkryk van God sal word en God by sy verloste mensdom in die nuwe skepping sal woon. Tot daardie dag gaan die Kerk se deelname aan God se sending voort, in vreugdevolle dringendheid en met vars en opwindende geleenthede in elke generasie, insluitend ons eie.

# Ons metode van werk

'n Doelbewuste keuse word gemaak vir die begrip vennote in getuienis. Die klem word geplaas op die sluiting van vennootskapsverhoudinge, waar daar oor grense heen hande gevat en saam gewerk word in diens van die Koninkryk. Ons ontdek saam met ander hoe ons konteks aan die verander is en hoe ons saam op 'n praktiese vlak kan evangeliseer, projekte en programme kan skep wat getuig van God se liefde vir die wêreld en sy mense. Saam as vennote glo ons kan ons 'n verskil maak in die koninkryk van God.

# Ons werkterreine

## *Ekumeniese Vennootskappe Buite Suid Afrika*

**Zambië**
Reformed Church in Zambia,
Justo Mwale University
Dr Juppi Steurer
082 375 0403 | *myposbus123@gmail.com*

**Lesotho**
Lesotho Evangelical Church, NGKA
Ds Joe Müller
082 337 6442 | *joemuller27@gmail.com*

**Namibië**
Degnos | Ds Anton Meiring
079 895 3914 | *anton@woodlandhillskerk.co.za*

Caprivi | Ds Dylan Allan
082 872 4921 | *dylanallen265@gmail.com*

**Reformed Family Forum - 15 Geref. Kerke in die NGK familie**
Dr Riaan Stander
082 665 8478 | *myposduif@vox.co.za*

**Asië Vennootskappe - Missie Japan, Bediening aan Chinese**
Ds Rikus Hattingh
084 620 6000 | *rikus@ngkerkpellissier.co.za*

NetACT – Afrika
*Dr Nico Mostert*
084 560 4671 | *missio@ngkvs.co.za*

Botswana – Tsabong, Dutch Reformed Church in Botswana
*Ds TC du Toit*
079 511 4811 | *tcdutoit@icloud.com*

Angola en Mosambiek – via NetACT
Angola | *Ds Frans du Toit*
084 549 6312 | *franswanna@gmail.com*
Mosambiek | *Ds Victor Cloete*
083 578 5654 | *cloetevictor75@gmail.com*

## *Ekumeniese Vennootskappe Binne Suid Afrika*

**NGKA en VGKSA – Vrystaat**
Dr Riaan Stander
082 665 8478 | *myposduif@vox.co.za*

**RCA – Kwazulu-Natal, CTAM (Committee for Training and Ministry)**
Ds Wessel Cronje
082 497 3292 | *wesselcronje@xsinet.co.za*

**SA Raad van Kerke – Nasionaal en Vrystaat**
Ds De la Harpe le Roux
083 232 1051 | *dlh@ngkvs.co.za*

## *Getuienisaksies*

**Studente bediening**
*Vakant*

**IMSA (Arbeidsbediening)**
Ds Gerhard Meyer
078 107 7154 | *petrusgerhardm@gmail.com*

**Bybelgenootskap**
Ds Fanus Coetzee
082 337 6039 | *fanusc@vodamail.co.za*

**Publieke Getuienis**
Ds Adrie Potgieter
083 444 5510 | *elsadrie@gmail.com*

**Islam in Afrika/Suid-Afrika/platteland**
Dr Enrico Casaleggio
084 245 2937 | enrico.casaleggio@absamail.co.za

**Werkgroep vir Teologiese besinning vir Missionale (Missionale Transformasie, Multikulturaliteit) en VBO**
Dr Juppi Steurer
082 375 0403 | *myposbus123@gmail.com*

Nuwe en bestaande uitreikgeleenthede
Ds Gerhard Meyer
078 107 7154 | *petrusgerhardm@gmail.com*

## *Missionale Diakonaat*

**RICD – Reformed Initiative for Community Development**
**Me Elbie Conradie**
**082 448 1873 | *ricd@ngkvs.co.za***

**Torings van Hoop**
**Ds De la Harpe le Roux**
**083 232 1051 | *dlh@ngkvs.co.za***